basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**EKONOMIE V1**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 24 bladsye.**

Approved 25/06/2025
N. PILLAY
INTERNAL MODERATOR

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

*Kopiereg voorbehou*

*Blaai om asseblief*

## BEGINSELS VIR DIE NASIEN VAN EKONOMIE – SS/NSS MEI/JUNIE 2025

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om nasien in alle provinsies te standaardiseer.

### NASIEN

- **ALLE** vrae en antwoorde in kandidate se skrifte **MOET** nagesien word, ongeag of dit korrek of verkeerd is.
- Waar antwoorde meer is as wat die instruksies vereis, moet die volgende geld:
  - In afdeling A, waar kandidate **TWEE** antwoorde gee, moet die eerste antwoord nagesien word.
  - In afdeling B, (2.1.1, 3.1.1 en 4.1.1) merk die eerste **TWEE** antwoorde en dui aan ***M 2*** vir antwoorde wat meer is as wat die vraag vereis het.
  - In afdeling B, data-responsvrae wat 'n spesifieke aantal antwoorde vereis (bv. 2.2.1 en 2.2.2), merk die eerste antwoord en dui aan ***M 1*** vir antwoorde wat oortollig is.
  - In afdeling B en C (keusevrae), dui aan ***EKSTRA*** op vrae bo die vereiste aantal.
  - Waar die maksimum punte vir 'n spesifieke afdeling toegeken is, merk al die antwoorde tot by die maksimum punte vir die vraag en dui óf ***M 2*** óf ***M 8*** óf ***M 10*** óf ***M 26*** aan. Trek daarna 'n lyn aan die regterkant van die antwoorde wat oortollig is.
- 'n Duidelike, netjiese regmerkie moet gebruik word:
  - Indien **EEN** punt toegeken word, moet **EEN** regmerkie gebruik word:✓
  - Indien **TWEE** punte toegeken word, moet **TWEE** regmerkies gebruik word:✓✓
  - Die regmerkie moet geplaas word by die **FEIT** waarvoor 'n punt toegeken word.
  - Merkies moet **KLEIN** gehou word, aangesien verskeie vlakke van moderering kan plaasvind.
- Verkeerde antwoorde moet met 'n duidelike, netjiese kruisie gemerk word:×
  - Gebruik een kruisie op elke verkeerde antwoord in vrae waar kandidate meer as een antwoord moet gee.
  - Probeer om **NIE** die kandidate se antwoorde te onderstreep nie.
- Vir die volgende aksiewoorde is **EEN-woord** antwoorde aanvaarbaar: **lys, noem, identifiseer**
- Vir die volgende aksiewoorde moet 'n **VOLLE** sin geskryf word: **beskryf**, **verduidelik**, **evalueer**, **ontleed**, **stel voor**, **onderskei**, **definieer**, **bespreek**, **waarom**, **hoe**
- Die volgende aksiewoorde moet binne hul konteks gelees word om te bepaal of 'n **EEN-woord** antwoord of 'n **VOLLE** sin vereis word: **verskaf**, **wat**, **tabuleer**, **identifiseer** en **gee**.
- Waar kandidate 'n grafiek moet teken, merk die grafiek volgens 'n merkrubriek wat in die amptelike nasienriglyne verskaf word.
- Waar kandidate berekeninge moet doen, sal die finale antwoord nie noodwendig volpunte kry nie. **3 punte** word toegeken vir die **berekeninge** en **1 punt** vir die **finale antwoord**.

### LET OP DIE VOLGENDE

- Indien die nommering verkeerd is of weggelaat is, kan kandidate gekrediteer word solank die volgorde van antwoorde op vrae gevolg word.
- Waar daar spelfoute is, ken die punte toe mits die betekenis korrek is.
- Gee aandag aan die betekenis van antwoorde, wat op 'n ander manier gestel kan word.
- In meerkeusevrae waar 'n letter die aanvaarde antwoord is, maar die leerder die werklike antwoord skryf - ken punte toe.
- Daar sal 'n bylaag tot die nasienriglyne wees vir die nasien van sekere vrae.

### TOTAAL EN OORDRAG VAN PUNTE

- Die subtotaal vir elke subvraag moet aan die regterkantse kantlyn aangeteken word.
  - Vraag 1 in Afdeling A het **DRIE** onderafdelings en **DRIE** subtotale moet in die regterkantlyn aangeteken word.
  - Vrae in Afdeling B het **VYF** onderafdelings en **VYF** subtotale moet in die regterkantlyn aangeteken word.
  - Subtotale moet leesbaar geskryf word en spasie vir gemodereerde punte op die regterkantlyn laat.
- Die totale punt vir elke vraag moet in die boonste linkerkantlyn langs die vraagnommer aangeteken word en na die voorblad van die antwoordboek oorgedra word.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B – outonome ✓✓
1.1.2 A - ekstrapolasie✓✓
1.1.3 D - gemeenskaps-✓✓
1.1.4 C - depresiasie✓✓
1.1.5 A - 'n handelsprotokol ✓✓
1.1.6 C – tegnologie✓✓
1.1.7 B - Nywerheidsbeleidaksieplan✓✓
1.1.8 D – Wêreldbank (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS ITEMS

1.2.1 G - beweging van goedere, dienste en produksiefaktore tussen ekonomiese deelnemers✓
1.2.2 I - illustreer die verhouding tussen werkloosheid en inflasie ✓
1.2.3 C - oordrag van funksies en eienaarskap van entiteite van die privaatsektor na die openbare sektor✓
1.2.4 H - wanneer 'n land 'n goed of diens goedkoper as ander lande kan produseer hoewel dieselfde hulpbronne gebruik word ✓
1.2.5 E - lande deel 'n enkele monetêre stelsel, een sentrale bank en 'n verenigde fiskale stelsel. ✓
1.2.6 A- streef daarna om teen 2030 armoede te elimineer en ongelykheid te verminder ✓
1.2.7 D - 'n aansporing wat daarna streef om belegging in die opleiding van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te voorsien✓
1.2.8 B - 'n oormatige opeenhoping van liggaamsvette wat gesondheid negatief beïnvloed ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Marginale verbruiksgeneigdheid✓
1.3.2 Saamvallende✓
1.3.3 Direkte investering✓
1.3.4 Vraagkantbeleid / Vraagkantbenadering✓
1.3.5 Openbare-privaat vennootskap/ Privaat-openbare vennootskap ✓
1.3.6 Babasterftesyfer/ Infantiele mortaliteit/ Kindermortaliteit ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING B

**Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.**

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 **KORT VRAE**

2.1.1 **Noem enige TWEE soorte wisselkoersstelsels.**

- Vryswewende✓
- Beheerde swewende ✓
- Vaste ✓

(2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom word investering as 'n inspuiting in die ekonomiesekringloop-model beskou?**

Investering het tot gevolg dat geld vanaf die bankstelsel na besighede vloei, wat die hoeveelheid geld in omloop verhoog. Investering verhoog die kapitaalvoorraad / Investering verteenwoordig 'n toename in (outonoom) besteding binne die ekonomie, wat tot 'n algehele styging in inkomste en produksie lei ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer 'n inkrimpingsfase van die sakesiklus in die spotprent hierbo.**

Resessie✓ (1)

2.2.2 **Noem enige EEN monetêre beleidsinstrument wat gebruik kan word om ekonomiese aktiwiteit te beïnvloed.**

- Rentekoers/repokoers✓
- Opemarktransaksie✓
- Kontantreserwevereistes✓
- Morele oorreding✓
- Valutabeheer✓

(1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *amplitude*.**

Meet die vertikale afstand tussen 'n piek en trog in 'n sakesiklus.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



NP

2.2.4 **Waarom is leidende aanwysers belangrik vir beleidmakers in die ekonomie?**

Gee beleidmakers vooraf waarskuwing van veranderinge in totale ekonomiese aktiwiteit wat hulle help om gepaste ekonomiese beleide te formuleer.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Hoe kan 'n ekonomiese herstel die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel?**

- Die owerheid sal meer belastinginkomste invorder namate huishoudings en besighede meer inkomste ontvang en besteding toeneem. ✓✓
- Die afhanklikheidslas vir die owerheid kan afneem aangesien dit minder aan maatskaplike toelae sal bestee. ✓✓
- Die finansiële kapasiteit van die owerheid om infrastruktuur en ander projekte te ontwikkel, neem toe namate dit meer inkomste ontvang.✓✓
- Ekonomiese herstel kan die owerheid help om hul doelwitte soos armoedeverligting en werkloosheidsvermindering .te bereik ✓✓
- Meer produksiefaktore sal aangewend word namate die produksie van goedere en dienste toeneem✓✓
- Sakevertroue kan toeneem wat tot meer beleggings investering) en uitbreiding van die nywerheidsbasis lei.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die uitvoerprysindeks vir 2023 in die grafiek hierbo.**

176,6 ✓ (1)

2.3.2 **Noem die formule vir berekening van die ruilvoet.**

$$\text{Ruilvoet} = \frac{\text{Indeks van uitvoerpryse}}{\text{Indeks van invoerpryse}} \times 100 \checkmark$$ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *globalisering*.**

Die wêreldwye interaksie van lande of ekonomieë met handel as 'n belangrike element. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP

2.3.4 **Verduidelik die effek van internasionale handel op produksie van goedere en dienste.**

- Goedere en dienste sal in groot hoeveelhede(massaproduksie) geproduseer word om vir die wêreldmark voorsiening te maak. ✓✓
- Die gemiddelde produksiekoste daal deur skaalvoordele wat doeltreffendheid verbeter. ✓✓
- Internasionale handel kan innovasie en die produksie van nuwe produkte bevorder✓✓
- Spesialisering kan bevorder word in lande wat vergelykende voordele in die produksie van spesifieke produkte het.✓✓
- Binnelandse produksie kan afneem namate plaaslike nywerhede onbillike mededinging van buitelandse besighede in die gesig staar✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Hoe kan 'n daling in die ruilvoet die ekonomie beïnvloed?**

- 'n Daling in uitvoerpryse sal minder uivoerverdienste vir die ekonomie genereer.✓✓
- Ekonomiese welvaart kan afneem aangesien meer hulpbronne sal gebruik sal word om groter volume van uitvoere te produseer om vir die daling in uitvoerpryse te vergoed.✓✓
- 'n Styging in invoerpryse sal meer uitvloei van inkomste veroorsaak deur hoër invoerbetalings.✓✓
- Hoër koste van invoere en laer uitvoerverdienste kan die handelsbalans van die ekonomie laat afneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.4 **Bespreek die finansiële mark binne die VIERSEKTOR ekonomiesekringloop-model.**

- Finansiële markte fasiliteer die uitleen en leen van fondse tussen ekonomiese deelnemers wat surplusfondse het en diegene wat dit benodig.✓✓
- Die mark is nie direk betrokke by die produksie van goedere en dienste nie, maar dien as 'n skakel tussen huishoudings en besighede. ✓✓
- Banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse vorm deel van die finansiële mark. ✓✓
- Die finansiële mark word verdeel in die geldmark en die kapitaalmark.✓✓
- Die geldmark maak vir korttermyndeposito's, lenings en beleggings voorsiening.✓✓
- Geldmark sluit interbanklenings vir 'n periode so kort as oornag in. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) administreer die funksie van wetgewing en bestuur van die geldmark ✓✓
- Produkte wat in die geldmark verhandel word, sluit in bankobligasies en staatseffekte. ✓✓
- Die kapitaalmark maak voorsiening vir langtermyn spaar, lenings en beleggings.✓✓
- Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) is die sleutelinstelling in hierdie mark. ✓✓
- Sekuriteite wat in die kapitaalmark verhandel word is langtermyn-deposito's, verbandobligasies, aandele ens. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite en voorbeelde toe)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir slegs voorbeelde toe)** (4 x 2) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



NP

2.5 **Hoe kan aanbodkantmaatreëls gebruik word om die vlak van ekonomiese aktiwiteit in die gladstryking van sakesiklusse te stimuleer?**

- Vermindering in die koste van besigheid doen kan die winsgewendheid van besighede direk verbeter, wat hulle sal aanmoedig om meer produksie te produseer. ✓✓
- Die verbetering van infrastruktuurdienste soos openbare paaie, verkeersligte en lughawens binne 'n ekonomie sal daartoe lei dat produsente meer goedere en dienste aan verbruikers lewer. ✓✓
- Die vermindering van administratiewe koste kan potensiële besighede aanmoedig om gevestig te word en bestaande besighede sal nie oorlaai voel deur administratiewe koste nie.✓✓
- Die verskaffing van kontantaansporings aan besighede om hulself te vestig in gebiede waar werkloosheid en armoede hoog is. ✓✓
- Deur reëls te vereenvoudig en onnodige regulasies te verminder, kan besighede vrylik en doeltreffender funksioneer, waardeur maatskappye goedere vinniger en goedkoper kan produseer. ✓✓
- Die ondersteuning van navorsing en ontwikkeling help besighede om nuwe produkte te skep en bestaande produkte te verbeter, aangesien innovasie tot beter en meer doeltreffende maniere om goedere te produseer lei, wat die ekonomie 'n hupstoot gee.✓✓
- Die aanbied van subsidies aan uitvoergerigte vervaardigings-ondernemings verminder die koste wat hulle aangaan wanneer hulle buitelandse markte betree. ✓✓
- Die vermindering van belasting wat deur besighede betaal word, moedig hulle aan om in beter toerusting te belê, meer werkers aan te stel en hul bedrywighede uit te brei, wat tot meer produksie en laer pryse vir verbruikers lei.✓✓
- Verbetering van onderwys en werksopleiding stel die arbeidsmag in staat om meer vaardig te word, wat beteken dat werkers hul werk beter en meer doeltreffend kan doen, wat tot hoër produktiwiteit en ekonomiese groei lei.✓✓
- Bevordering van mededinging deur entrepreneurskap aan te moedig en hindernisse tot toetrede tot markte te verwyder wat die produksie van goedere en dienste stimuleer.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)** (4 x 2) (8)
**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 **KORTVRAE**

3.1.1 **Noem enige TWEE kontantvoordele deur die owerheid aan huishoudings voorsien.**

- Kinderonderhoudstoelae✓
- Pleegsorgtoelae/ Pleegkindtoelae ✓
- Sorgafhanklikheidstoelae✓
- Ouderdomstoelae/ Ouderdomspensioen ✓
- Ongeskiktheidstoelae✓
- Maatskaplike verligting van noodtoelae/ Maatskaplike verligting noodtoelae✓
- Hulptoelae✓
- Oorlogsveteranetoelae✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Waarom is hoë landelik-stedelike migrasie 'n probleem vir plaaslike owerhede?**

- Plaaslike owerheid mag dalk nie aan die hoë vraag na munisipaliteitsdienste voldoen nie, wat swak dienslewering tot gevolg het✓✓
- Hoë bevolking in stedelike gebiede kan druk op infrastruktuurfasiliteite verhoog en sosio-ekonomiese probleme veroorsaak.✓✓
- Plaaslike owerheik kan dalk nie werksgeleenthede soos UOWP bied nie as gevolg van die hoë vraag na werksgeleenthede.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer die indiensnemingskoers vir die tweede kwartaal van 2024 in die uittreksel hierbo.**

66.5% ✓ (1)

3.2.2 **Gee EEN rede vir die hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika.**

- Lae ekonomiese groei / lae produksie✓
- Gebrek aan belegging✓
- Gebrek aan vaardighede / Irrelevante vaardighede✓
- Kapitaalintensiewe produksiemetodes✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese aktiewe bevolking (EAB).***

Die totale aantal mense tussen die ouderdomme van 15 en 64 wat bereid en in staat is om te werk.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



NP

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.2.4 **Verduidelik die belangrikheid daarvan om die verbruikersprys-indeks(VPI)-syfers saam te stel.**

- Om die lewenskoste vir die huishoudings te meet/ Om te onderhandel vir loonverhogings ✓✓
- Om verbruikersinflasie in die ekonomie te meet✓✓
- Om repokoerssaanpassings te bepaal✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse ekonomie uit 'n toename in indiensneming voordeel trek?**

- Die vlak van huishoudelike inkomste sal styg wat die vraag na goedere en dienste stimuleer ✓✓
- Verhoogde verbruikersbesteding sal besighede aanmoedig om meer uitsette te produseer en sodoende ekonomiese groei stimuleer. ✓✓
- 'n Toename in totale vraag kan meer beleggings lok wat die nywerheidsbasis van die ekonomie uitbrei.✓✓
- Die owerheid mag meer belastinginkomste invorder namate meer huishoudings inkomste uit hul indiensneming ontvang.✓✓
- Hoër belastinginkomste wat deur die owerheid ingesamel word, kan gebruik word om infrastruktuurontwikkelingsprojekte te implementeer✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer enige EEN uitdaging waarvoor Suid-Afrika te staan kom by die implementering van spesiale ekonomiese sones (SES'e) in die uittreksel hierbo.**

Onbeplande projekte✓ (1)

3.3.2 **Noem die spesiaal geboude nywerheidsterrein wat fisies omhein en aan 'n internasionale lughawe of hawe verbind is.**

Nywerheidsontwikkelingsone/NOS✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *streeksontwikkeling*.**

Implementering van beleide wat daarop gemik is om die ekonomiese lewensvatbaarheid van spesifieke gebiede of streke in 'n land te verhoog. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP

3.3.4 **Verduidelik die belangrikheid van positiewe beleggersvertroue vir die ekonomie.**

- Meer besighede sal gevestig word wat die nywerheidsbasis van die ekonomie sal uitbrei. ✓✓
- Buitelandse direkte investering (BDI) kan tot die ekonomie gelok word wat die kapitaalinvloei verhoog en die waarde van plaaslike geldeenheid stabiliseer ✓✓
- Toename in ekonomiese aktiwiteit as gevolg van 'n positiewe beleggersentiment kan nuwe werksgeleenthede skep en belastinginkomste vir die owerheid verhoog.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoe kan besighede voordeel trek deur in spesiale ekonomiese sones (SES'e) bedryf te word?**

- Besighede wat in spesiale ekonomiese sones (SES'e) werksaam is, het toegang tot wêreldklas infrastruktuur soos Inligting- en Kommunikasietegnologie (IKT), wat hulle in staat stel om doeltreffend te funksioneer.✓✓
- Maatskappye wat in SES'e geleë is, kan baat vind by belastingverligting en ondersteuningstelsels wat deur die owerheid verskaf word om nywerheidsontwikkeling te bevorder.✓✓
- Besighede in SES'e kan finansiële aansporings ontvang, soos die vaardigheidsondersteuningsprogramme en belastingvrye aansporing, wat hul koste van sake doen verminder en hul mededingendheid verbeter✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.4 **Bespreek kortliks die *Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP)* en die *Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram (BBSEB)* as Suid-Afrika se groei en ontwikkelingsbeleide.**

**Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP)**

- UOWP is 'n landwye owerheidsingryping om werk te skep deur arbeidsintensiewe metodes te gebruik✓✓
- Voorsien ongeskoolde arbeiders van die vaardighede wat hulle vir toekomstige indiensneming kan gebruik ✓✓
- UOWP het ten doel om werksgeleenthede vir die armes en kwesbares te skep. ✓✓
- Indiensneming verskaf is tydelik of van deurlopende basis van aard. ✓✓

***Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtigingsprogram (BBSEB)***

- BBSEB is van stapel gestuur om vorige ongelykhede aan te spreek en 'n wetlike basis te bied vir die transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie. ✓✓
- Beoog om swart Suid-Afrikaners se deelname aan die ekonomie op die eienaarskapvlak te verhoog ✓✓
- 'n Reeks maatreëls word geïmplementeer om regstelling en regstellende aksie in die werksplek en sake-omgewing te verseker.✓✓
- Die owerheid skep toestande om meer besighede, beide privaat en openbaar, wat deur swart entrepreneurs en bestuurders besit en bestuur word, aan te moedig ✓✓
- Gemeenskappe en werkers moet as aandeelhouers en eienaars ingesluit word. ✓✓
- Die regstelling vereis dat die aantal mense wat die besighede beheer, aansienlik kan toeneem en inkomste-ongelykhede aansienlik verminder kan word.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite en voorbeelde toe)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir slegs voorbeelde toe)** (2 x 4) (8)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.5 **Hoe kan Suid-Afrikaanse owerheid die sukses van streeksontwikkelingsbeleide verseker?**

- Minimaliseer owerheidsinmenging in die mark sodat die kragte van vraag en aanbod sowel as die winsmotief die doeltreffende toewysiging van hulpbronne deur markgerigtheid kan verseker.✓✓
- Bestuur streeksontwikkelingsbeleide meer doeltreffend om te verseker dat hulle vry van korrupsie en rompslomp is. ✓✓
- Bevordering van deursigtigheid deur vrye en oop betrokkenheid aan te moedig om 'n gevoel van eienaarskap vir streeksontwikkelingsbeleide te verkry. ✓✓
- Bevordering van doeltreffende finansiële bestuur om te verseker dat hulpbronne nie verkwis word nie en behoorlike verantwoording gedoen word.✓✓
- Voorsien hulpbronbehoeftige gebiede met voldoende hulpbronne, soos menslike en finansiële hulpbronne, om die behoorlike implementering van beleide te verseker. ✓✓
- Om 'n holistiese ontwikkeling te verseker deur maatskaplike hulpbronne soos onderwys en gesondheid na onderontwikkelde streke van die land te verskaf ✓✓
- Bevorder integrasie deur te verseker dat die voordele van een streek na ander gebiede oorspoel en dat geen streek ten koste van 'n ander streek se potensiaal ontwikkel nie.✓✓
- Bevorder vennootskap in streeksontwikkeling deur 'n verhouding te bou tussen sentrale owerheid, plaaslike owerheid en burgerlike gemeenskap, private sektor, spesiale belangstellende groepe en internasionale vennote.✓✓
- Verhoog die mededingendheid van besighede deur innovasie om die algehele gehalte van vervaardigde produkte te verbeter. ✓✓
- Bevorder die gebruik van doeltreffende produksietegnieke wat tot gehalte vervaardigde goedere lei en na internasionale markte uit brei. ✓✓
- Belê meer geld in infrastruktuur soos vervoer en energie om die ekonomiese lewensvatbaar van onderontwikkelde gebiede te verbeter. ✓✓
- Moedig plaaslike owerhede aan om hul eie ekonomiese potensiaal na te streef sodat die hele land daarby kan baat. ✓✓
- Bevorder desentralisasie van ekonomiese spilpunte om meer gelyke verteenwoordiging van alle streke te verseker. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)** (4 x 2) (8)
**[40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 **KORTVRAE.**

4.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van eksogene oorsake van sakesiklusse.**

- Strukturele veranderinge ✓
- Natuurrampe/Klimaatsverander/Weerstoestande ✓
- Sosiale en ekonomiese skokke (skielike styging in brandstofpryse of oorloë ✓
- Tegnologiese vooruitgang ✓
- Ontoepaslike owerheidsbeleide ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom is dit belangrik vir die owerheid om 'n meer doeltreffende vervoerinfrastruktuur in die ekonomie te bevorder.**

- Om logistieke beperkings te minimaliseer deur betroubare vervoer van produksiemiddele en klaarprodukte tussen die streke van 'n land te verseker.✓✓
- Om ontwrigting van die produksie van goedere en dienste te verminder, wat help om meer direkte investering te lok.✓✓
- Om die koste van sake doen te verminder, aangesien vervoer 'n belangrike inset tot produksie is.✓✓
- Om huishoudings en werkers in staat te stel om gerieflike en teen laer koste te reis om aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die item wat verwys na die pryse wat deur verbruikers vir goedere en dienste betaal word.**

Bruto Binnelandse Produk (BBP) teen markpryse✓ (1)

4.2.2 **Noem enige EEN voorbeeld van belasting op produkte.**

- Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) ✓
- Aksynsregte (Sondebelasting, Suikerbelasting)✓
- Algemene brandstofheffing✓
- Koolstofbelasting op motorvoertuiguitlatings✓
- Invoerregte/doeaneregte/Invoertariewe✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *faktorkoste*.**

Die koste van produksiefaktore wat in die produksieproses gedurende 'n bepaalde tydperk gebruik word.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Verduidelik die impak van subsidies op produksie aan produsente van goedere en dienste.**

- Produsente sal voordeel trek uit laer produksiekoste✓✓
- Produsente kan aangemoedig word om produksie te verhoog✓✓
- Produsente kan aangemoedig word om hul produkte teen laer pryse te verkoop.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Gebruik die inligting in die tabel hierbo om die waarde van die bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse (A) te bereken. Toon ALLE berekeninge.**

Bruto Waarde Toegevoeg teen basiese pryse **(A)**
= 6 175 572 ✓
+ 148 361 ✓
- 13 104 ✓
= **6 310 829** ✓

**OF**

Bruto Waarde Toegevoeg teen basiese pryse **(A)**
= 7 023 994 ✓
+ 17 341 ✓
- 730 506 ✓
= **6 310 829** ✓ (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer 'n menslike ontwikkelingsindeks-aanwyser wat met onderwys verband hou in die dialoog hierbo.**

Geletterdheid/Vaardighede ✓ (1)

4.3.2 **Noem die groei en ontwikkelingstrategie wat beoog om die uitdagings van vaardigheidstekorte in Suid-Afrika aan te spreek.**

Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie/NVOS ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*.**

Die proses waardeur die lewensstandaard van die mense in 'n spesifieke land oor 'n tydperk verbeter.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP

4.3.4 **Verduidelik die belangrikheid van gesondheidsorg vir menslike ontwikkeling.**

- Toegang tot gehalte-gesondheidsorg verseker dat mense 'n langer lewensverwagting geniet deur siektes en kwale onder die bevolking te voorkom en te behandel.✓✓
- Goeie gesondheid verminder afwesigheid by die werk en verhoog produktiwiteit wat tot hoër inkomstevlakke en 'n verbeterde lewenstandaard lei.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan die owerheid vaardigheidsontwikkeling in Suid-Afrika bevorder?**

- Verbeter die gehalte van onderwys en opleiding deur in skole en beroepsopleidingsinstellings te belê, soos om die kurrikulum te hersien om aan die huidige arbeidsmarkbehoeftes te voldoen.✓✓
- Werk met besighede saam om vakleerlingskappe en internskappe te ontwikkel wat praktiese ervaring aan studente en werksoekers bied.✓✓
- Bied aansporings en subsidies, soos die vaardigheidsondersteuningsprogram, aan besighede wat in werknemersopleiding en vaardigheidsontwikkelingsprogramme belê.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks *natuurlike hulpbronne* en *klimaatstoestande* as aanbod-redes vir internasionale handel.**

**Natuurlike hulpbronne**
- Natuurlike hulpbronne is oneweredig oor lande van die wêreld versprei. ✓✓
- Hulle verskil van land tot land en kan slegs ontgin word in plekke waar die hulpbronne voorkom. ✓✓
- Sommige lande het 'n verskeidenheid natuurlike hulpbronne tot hul beskikking wat ontgin kan word, terwyl ander 'n beperkte verskeidenheid het ✓✓
- Suid-Afrika het groot goudneerslae terwyl Nigerië ru-olie het✓✓
- Die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne skep 'n platform vir spesialisasie en 'n geleentheid om waardevolle uitvoerinkomste te verdien.✓✓

**Klimaattoestande**
- Elke land het 'n unieke klimaat wat dit toelaat om sekere gewasse te verbou.✓✓
- Bevorder spesialisasie van produksie en bemagtig lande om teen 'n laer koste per eenheid te produseer. ✓✓
- Klimaattoestande maak dit moontlik vir sommige lande om sekere goedere teen laer prys as ander lande te produseer, bv. Brasilië is die grootste produsent van koffie. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite en voorbeelde toe)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir slegs voorbeelde toe)** (2 x 4) (8)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

4.5 **Ontleed die belangrikheid van demografiese aanwysers vir die Suid-Afrikaanse owerheid.**

- Die owerheid gebruik die demografies aanwyser om vir die toekoms te beplan en sekere uitkomste te bereik, bv. gesondheidsorg vir die bejaardes.✓✓
- Demografie wat verband hou met die aantal kinders in verskillende ouderdomsgroepe help owerhede om vir opvoedkundige infrastruktuur te beplan soos die aantal skole, klaskamers en onderwysers wat benodig word.✓✓
- Om die werkende ouderdomsbevolking te verstaan, help die owerheid om werk te skep en vir ekonomiese groei te beplan. ✓✓
- Demografiese tendense stel die owerheid in staat om ingeligte besluite te neem wat die behoeftes van die bevolking aanspreek, sosiale gelykheid bevorder en volhoubare ontwikkeling verseker.✓✓
- Die owerheid kan hulpbronne soos behuising meer doeltreffend versprei, gebaseer op waar mense bly en hul spesifieke behoeftes.✓✓
- Demografiese aanwysers help om die grootte van die belastingbasis te identifiseer deur die totale aantal mense wat belasting sal betaal, te bepaal.✓✓
- Die inligting kan gebruik word om vir infrastruktuurontwikkeling te beplan, soos die voorsiening van elektrisiteit, water en sanitasie.✓✓
- Demografiese aanwysers kan gebruik word om maatskaplike dienste te lewer wat armoede, kinderwelsyn en ondersteuning vir kwesbare bevolkings aan te spreek. ✓✓
- Inligting aangaande migrasie en verstedeliking help die owerheid om vir die ontwikkeling van behuising, watertoevoer en sanitasie te beplan ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte vir blote lys van feite toe)** (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING C

**Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.**

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die redes vir openbaresektor-mislukking.** **(26)**
- **Hoe kan fiskale beleid gebruik word om die ekonomie positief te beïnvloed?** **(10)**

**INLEIDING**
- Die openbare sektor is deel van die ekonomie wat alle entiteite insluit wat deur die owerheid besit en beheer word en is verantwoordelik is vir die voorsiening van openbare goedere teen 'n laer koste of gratis. ✓✓
- Openbaresektor-mislukking is wanneer die owerheid nie ddarin slaag om die ekonomie en die hulpbronne onder sy beheer te bestuur nie.✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**Redes of oorsake van openbaresektor-mislukking**

(a) **Bestuursmislukking** ✓
- Somtyds word staatsdepartemente en staatbeheerde ondernemings swak bestuur as gevolg van die toepassing van teenstrydige beleide, gebrek aan leierskap, gebrekkige vaardighede en onvoldoende ervaring.✓✓
- Daar word nie van staatsdepartemente verwag om wins te maksimeer nie, anders as die privaatsektor ✓✓
- Bestuursmislukking kan lei tot begrotingstoewysings wat gebaseer is op geraamde koste en behoeftes wat nie voorsien word nie ✓✓

(b) **Onverskilligheid/ Apatie**✓
- Openbaresektor-mislukking ontstaan weens onverskilligheid (apatie) en ongeërgheid aan die kant van openbare beamptes, staatsamptenare en individue werksaam in staatsdepartemente en staatsbeheerde ondernemings. ✓✓
- Suksesvolle openbare voorsiening berus op langtermyn aanspreeklikheid ✓✓
- Aanspreeklikheid het die potensiaal om ondoeltreffendheid, korrupsie en swak dienste te diagnoseer, asook die bepalers van hierdie simptome soos gebrek aan hulpbronne, lae motivering, swak opleiding en 'n gebrek aan onbevoegdheid.✓✓

(c) **Gebrek aan motivering**✓
- Eerste(voor)-linie werkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering wat tot lae vlakke van produktiwiteit lei.✓✓
- Daar is min voorskrifte vir dienskwaliteit en -kwantiteit, geen meting van effektiwiteit en produktiwiteit nie en min beloninge of boete.✓✓
- Swak monitering van prestasie kan daartoe lei dat staatswerkers geen druk het om te presteer nie, wat tot beperkte dienste van swak gehalte lei. ✓✓



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP

(d) **Politici**✓
- Die doel van politici is om herverkies te word en stemmaksimerende strategieë na te streef om hul politieke ampte te verseker of te behou.✓✓
- Politici het 'n korttermyn horison wat beperk is tot die datum van die volgende verkiesing. ✓✓
- Politici bevorder soms beleide en spandeer steeds geld aan projekte wat ondoeltreffende toewysing van hulpbronne behels om stemme in ruil daarvoor te kry.✓✓
- Politici kan ook hul eie belange dien deur korrupsie, persoonlike en versteekte agendas.✓✓

(e) **Spesiale belangegroepe**✓
- Pagsoekery (gewinsoekende) of spesiale belangegroepe kan die owerheid beïnvloed om tot hul voordeel op te tree, soos om hulle van winsgewende kontrakte en gunstige regulasies te voorsien. ✓✓
- Vakbonde kan die owerheid beïnvloed om sekere wette aan te neem om hul lede te begunstig. ✓✓

(f) **Burokrasie**✓
- Oormatige burokrasie is geneig om meer probleme as goed te veroorsaak soos vertragings in die voorrsiening van openbare goedere en dienste. ✓✓
- Burokrate probeer om hul inkomste, status en mag te maksimeer deur die aanbod van openbare goedere tot hulle eie voordeel te manipuleer. ✓✓
- Hantering van burokrasie is moeilik om te hanteer, want die openbare sektor is nie onderworpe aan die beginsel van wins en verlies nie.✓✓

(g) **Gebrek aan aanspreeklikheid**✓
- Gebrek aan aanspreeklikheid in die openbare sektor lei tot ondoeltreffendheid, korrupsie en swak dienslewering. ✓✓
- Dit is nie altyd maklik om die openbare sektor aanspreeklik te hou nie as gevolg van die enorme arbeidsmag van die verskeie staatsdepartemente. ✓✓

(h) **Strukturele swakhede**✓
- Duplisering van rolle en take lei tot die vermorsing van hulpbronne en die onvermoë om ander dienste te lewer.✓✓
- Komplekse en swak ontwerpte organisatoriese strukture in openbare instellings kan prosesse en dienslewering vertraag.✓✓
- Onduidelike wette en beleide kan geleenthede vir korrupsie skep en dit moeilik maak om individue aanspreeklik te hou.✓✓
- Oorbevolking kan tot oormatige vraag na werk, behuising en voedingsprogramme lei, wat dit onmoontlik maak om te voorsien weens beperkte hulpbronne.✓✓

(i) **Probleme met die assessering van behoeftes**✓
- Die owerheid het nie genoeg inligting om objektiewe besluite te neem nie weens 'n gebrek aan meganismes wat die behoeftes van mense akkuraat beoordeel.✓✓
- Die probleem van behoefte-assessering lei tot onder- of ooraanbod van openbare goedere en dienste. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)** **(Maks 26)**
**(Ken 'n maksimum van 8 punte vir blote lys van feite/voorbeelde toe)**



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

NP

**ADDISIONELE DEEL**

**Suid-Afrika se fiskale beleid het die volgende positiewe uitwerkings(gevolge) vir die ekonomie:**

- 'n Progressiewe inkomstebelastingstelsel maak inkomste meer eweredig verspreid omdat hoër inkomsteverdieners hoër belastingkoerse betaal terwyl laer inkomsteverdieners laer belastingkoerse betaal.✓✓
- Verlaging in direkte belasting, soos LBS, verhoog verbruikers se besteebare inkomste wat verbruiksbesteding sal stimuleer.✓✓
- Vermindering in indirekte belasting soos BTW sal verbruik verhoog aangesien die pryse van alle produkte wat aan BTW gekoppel is, sal daal.✓✓
- Verhoging van direkte belasting soos persoonlike inkomstebelasting kan inflasionêre druk verminder deur die totale vraag te verlaag.✓✓
- Maatskaplike toelaes wat deur die owerheid aan huishoudings betaal word, kan verbruikersbesteding verhoog en die totale vraag in die ekonomie stimuleer.✓✓
- Produksiesubsidies wat deur die owerheid aan sommige produsente betaal word, verminder hul produksiekoste, wat hulle aanmoedig om meer produksie te produseer.✓✓
- Fondse wat uit die nasionale begroting toegeken word om gratis dienste te verskaf, help om die lewens van baie arm mense te verbeter. ✓✓
- Subsidies op produkte stimuleer verbruikersbesteding namate meer huishoudings dit bekostig om laer pryse te betaal..✓✓
- Owerheidsbesteding aan infrastruktuurontwikkeling bevorder doeltreffende bedryf van besighede en lok meer investering in die ekonomie.✓✓
- Fondse wat toegeken word om die wanbalanse van die verlede deur middel van verskillende programme reg te stel, kan help om die lewenstandaard van die voorheen benadeelde groepe te verbeter.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte hoë orde antwoord) (Maks 10)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)**

**SLOT**

Die owerheid moet gepaste maatreëls implementeer om te verseker dat staatsdepartemente, staats-beheerde ondernemings en ander staatsentiteite gehalte dienste aan die burgers lewer. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte hoër orde relevante slot) (Maks 2) [40]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die argumente ten gunste van beskerming.** **(26)**
- **Waarom is dit belangrik vir Suid-Afrika om sy uitvoerkapasiteit te verhoog?** **(10)**

**INLEIDING**

Beskerming is 'n handelsbeleid waardeur die staat die invoere en uitvoere van sekere goedere en dienste ontmoedig./Dit is 'n ekonomiese beleid wat handel tussen lande beperk om binnelandse nywerhede van onregverdige buitelandse mededinging te beskerm. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks 2)**

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**Argumente ten gunste van beskerming**

(a) **Nywerheidsontwikkeling** ✓
- Lande moet gediversifiseerde nywerhede ontwikkel om oorspesialisasie te voorkom.✓✓
- 'n Land wat te veel op die uitvoer van een of 'n paar produkte staatmaak, is baie kwesbaar.✓✓Botswana is byvoorbeeld byna geheel en al afhanklik van die uitvoer van diamante.✓
- Invoerbeperkings kan op 'n reeks produkte ingestel word om te verseker dat 'n aantal binnelandse nywerhede ontwikkel.✓✓
- Die instelling van tariewe genereer inkomste vir regerings om nyweheidsontwikkeling te bevorder.✓✓
- In ontwikkelende lande is die belastingbasis dikwels beperk as gevolg van lae inkomste van individue en besighede.✓✓
- Lae inkomste in ontwikkelende lande verskaf nie veel belastinginkomste nie en daarom is doeaneregte op invoere 'n bykomende bron van inkomste.✓✓

(b) **Kleuter-/suigeling/-jong nywerhede** ✓
- Nuutgestigte nywerhede vind dit moeilik om te oorleef as gevolg van hoë gemiddelde produksiekoste wat hoër is as dié van gevestigde buitelandse mededingers.✓✓
- Suigelingbedrywe benodig beskerming in hul vroeë jare sodat hulle kan groei en voordeel trek uit skaalvoordele, hul gemiddelde koste kan verlaag en mededingend kan word.✓✓
- Wanneer nywerhede goed gevestig en mededingend is, moet die beskerming verwyder word.✓✓
- In sommige omstandighede moet kwynende nywerhede of sonsondergangnywerhede toegelaat word om geleidelik uit besigheid te gaan.✓✓
- Beskerming kan 'n bedryf in staat stel om geleidelik agteruit te gaan, waardeur hulpbronne (insluitend arbeid) tyd kan kry om na ander nywerhede te skuif.✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

(c) **Stabiele loonvlakke en hoër lewensstandaard**✓
- 'n Land met hoë lone het 'n siening dat die lewenstandaard ondermyn sal word as goedkoper goedere ingevoer word uit lande met lae lone.✓✓
- Invoere uit lande met relatief lae lone verteenwoordig onbillike mededinging en kan die lewenstandaard van hoogsbetaalde werkers in plaaslike nywerhede bedreig.✓✓
- Plaaslike nywerhede sou nie kan meeding nie as gevolg van hul hoër lone wat die pryse van plaaslike goedere opstoot.✓✓
- Beskerming is nodig om te verhoed dat plaaslike loonvlakke daal of selfs om te verhoed dat plaaslike besighede sluit omdat hulle onwinsgewend raak.✓✓
- Mededinging van laeloonlande kan die feit weerspieël dat daardie lande 'n vergelykende voordeel in laaggeskoolde arbeidsintensiewe nywerhede het.✓✓

(d) **Toename in indiensneming** ✓
- Lande met hoë werkloosheidsvlakke word voortdurend onder druk geplaas om werkskepping te stimuleer.✓✓
- Lande met hoë werkloosheid is dikwels geneig om hul toevlug tot proteksionistiese beleide te neem om industrialisering te stimuleer.✓✓
- Die instelling van invoerbeperkings sal beteken dat burgers meer binnelandse produkte sal koop en sodoende binnelandse werkgeleenthede sal verhoog.✓✓
- Konsentrasie op binnelandse werkskepping, ten koste van ander lande, het daartoe gelei dat sulke maatreëls as "bedelaar-jou-naaste"-beleide bekend staan.✓✓
- Lande wat van proteksionistiese beleide gebruik maak, moet in gedagte hou dat die instelling van invoerbeperkings waarskynlik vergelding sal uitlok.✓✓

(e) **Selfonderhoudend en strategiese nywerhede**✓
- In tye van konflik kan afsnydings of wrywing tussen lande voorkom.✓✓
- Beskerming moet verleen word, veral aan sleutelbedrywe, om die beskikbaarheid van hierdie sleutelprodukte te verseker.✓✓
- Sommige nywerhede, soos yster en staal, landbou (basiese voedselsoorte, soos mielies), chemikalieë (kunsmis), energie (brandstowwe) en elektronika (kommunikasie), word dikwels as strategiese nywerhede beskou.✓✓
- Ontwikkelende lande mag voel dat hulle strategiese nywerhede moet beskerm en ontwikkel om selfonderhoudend te word.✓✓

(f) **Voorkoming van storting**✓
- Dumping verwys na die verkoop van goedere in 'n buitelandse mark teen pryse wat laer is as die produksiekoste in die land van oorsprong.✓✓
- Buitelandse ondernemings mag aan storting deelneem omdat regeringsubsidies hulle toelaat om teen baie lae pryse te verkoop of omdat hulle winste deur prysdiskriminasie probeer verhoog.✓✓
- Die rede vir die uitvoer van produkte teen 'n lae prys kan ook wees om van opgehoopte voorraad van die goed ontslae te raak.✓✓
- Verbruikers in die invoerland sal dus voordeel trek uit laer pryse.✓✓

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895. PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



NP

- Die langtermyndoelwit van uitvoerlande kan wees om binnelandse produsente uit te dryf en 'n sterk markposisie te verkry.✓✓
- Verbruikers sal waarskynlik verloor as gevolg van die vermindering in keuse en die hoër pryse wat die uitvoerders sal kan vra.✓✓
- Binnelandse produksie sal afneem aangesien sommige van die plaaslike vervaardigers moontlik deur goedkoop buitelandse produkte uit die mark meegeding kan word.✓✓
- Belastinginkomste vir die regering sal afneem namate werkers werk verloor en besighede produksie verminder.✓✓

(g) **Stabiele wisselkoers en betalingsbalans** ✓
- Die primêre rede vir beskerming is dat 'n onstabiele geldeenheid geneig is om onderontwikkeling te veroorsaak, wat 'n land se invoere en uitvoere beperk.✓✓
- Die beskerming van die betalingsbalans en die verbetering van die ruilvoet word soms as argumente gebruik om beskermingsbeleide te regverdig.✓✓
- Beskerming help om invoere te verminder, waardeur die handelsbalans verhoog word en die plaaslike geldeenheid (rand) help om te appresieer.✓✓

(h) **Beskerming van natuurlike hulpbronne**✓
- Internasionale handel en globalisering het bewustheid van die unieke eienskappe van natuurlike hulpbronne gestimuleer.✓✓
- Owerhede kan handelsbeperkings en binnelandse maatreëls gebruik om eiendomsregte te versterk of die uitbuiting van natuurlike hulpbronne te verminder.✓✓
- Owerhede kan produsente en verbruikers laat rekening hou met die sosiale koste van hul aktiwiteite deur aksynsbelasting soos koolstofbelasting te hef.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks.26)**
**(Ken 'n maksimum van 8 punte vir opskrifte/ sub-hofies/voorbeelde toe)**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## ADDISIONELE DEEL

**Dit is belangrik vir Suid-Afrika om sy uitvoerkapasiteit te verhoog omdat:**

- Uitvoergedrewe ekonomiese groei kan lei tot ekonomiese ontwikkeling in die land.✓✓
- Inkomste wat in die vorm van buitelandse valuta gegenereer word, kan gebruik word om vir ingevoerde produksiemiddele soos olie en masjinerie te betaal.✓✓
- Die handelsbalans kan toeneem, wat betalingsbalans (BB probleme) sal verminder.✓✓
- Die vraag na plaaslike goedere en dienste kan toeneem deur uitvoermarkte wat baie groter is as plaaslike markte. ✓✓
- Plaaslike besighede sal aangemoedig word om goedere in groot hoeveelhede te produseer, wat lei tot 'n afname in die produksiekoste.✓✓
- Pryse van plaaslike goedere en dienste sal daal namate dit in groot hoeveelhede geproduseer word.✓✓
- Die globale mededingendheid van plaaslike besighede sal toeneem deur skaalvoordele en innovasie.✓✓
- Meer werksgeleenthede sal vir plaaslike huishoudings geskep word namate nuwe besighede gevestig sal word om uitvoere te produseer.✓✓
- Finansiële bystand sal aan produsente verskaf word om hul tegnologie op te gradeer en produktiwiteit te verbeter.✓✓
- Die industriële basis van die ekonomie sal diversifiseer en uitbrei deur die vestiging van nuwe nywerhede wat uitvoere produseer.✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte antwoord)** **(Maks 10)**
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir blote lys van feite/voorbeelde)**

## SLOT

Die owerheid behoort 'n gewenste mengsel van beskerming en vryhandelsbeleide te kies wat die heersende omstandighede in die ekonomie sal pas. ✓✓
**(Aanvaar enige ander korrekte hoër orde relevante slot)** **(Maks 2)**

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
25 -06- 2025
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

NP